# NUUS UIT DIE DIAKENBANK

## Sondag, 13 November 2022

## Matteus 6:33

***"Beywer julle allereers vir die Koningkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee"***

**Kollektes tydens die Nagmaaldiens**
Die kollektes tydens die Nagmaaldiens is ter ondersteuning van die President Kruger Kinderhuis Pretoria, wat slegs 33% staatsondersteuning (grondwetlik verpligte maatskaplike staat-subsidie) ontvang wat wisselvallig en met tekorte, inbetaal word. Die bestuur van die kinderhuis moet 67% van die fondse deur middel van skenkings en donasies genereer om die deure van die Kinderhuis oop te hou en hul versorging teenoor die kinders na te kom.

Die Kinderhuise, President Kruger Kinderhuis in Pretoria en die Reddersburg Kinderhuis in Reddersburg in die Vrystaat, is onder die versorging van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika.

Deur die toewysing van die Sinodale Deputate Diakonale Sake (SDDS) van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, is die diakonie van Waterkloofrand Gemeente, slegs verantwoordelik vir die diakonale sorg aan President Kruger Kinderhuis in Pretoria.

Die Diakonie van Waterkloofrand het die besluit goedgekeur om maandeliks `n vaste bedrag, met ingang Januarie 2023 tot Desember 2023, aan die President Kruger Kinderhuis oor te betaal om sodoende die kinderhuis te ondersteun in die samestelling van hul jaarlikse begroting.

Alle addisionele kollektes en inkomste ten bate van die kinderhuis, sal ook aan die kinderhuis oorbetaal word.

Navrae oor behoeftes van die President Kruger Kinderhuis, Marianna du Plessis 063 076 9135

**Siekesorg en besoeke aan ons senior lidmate**
Tans is daar slegs 3 lidmate wat hul beywer om ons senior lidmate tuis of in die hospitaal, te besoek.

Dié diensgroep besoek seniorlidmate gedurende dag-besoekure in die hospitaal of sorgsentrum, of tuis na ontslag uit die hospitaal. Ons senior lidmate se kinders is weinig of min beskikbaar gedurende die dag of week, en benodig werklik onderskraging in soms baie onsekere tye en bemoediging vir die herstelfase na `n operasie of siekte. Ds Gerben besoek senior lidmate tydens hospitalisasie en dié diensgroep kan Gerben ondersteun met `n opvolg tuisbesoek, na ontslag.

Om die baie nodige dienswerk te kan volhou, is daar `n versoek vir addisionele lede wat hul naam byvoeg en sodoende die aantal besoekpunte en besoeke per lid, te vergemaklik. Die Waterkruik berig gereëld oor die senior-lidmate se opname in `n hospitaal, operasie of ongesteldheid, met die doel om aan elke lidmaat in die amp van `n gelowige in hierdie gemeente, deur die werking van die Heilige Gees, die leiding te ontvang om in Sy kerk hul gawes aan te bied deur diensbaar te wees.

Kontak Diakonie Voorsitter, Hanno Steenkamp 084 043 7466, en voeg jou naam by die diensgroep.

**Vervoer van- en na kerkdienste**
As daar hulp verlang word of hulp met vervoer verleen kan word aan lidmate wat graag eredienste op Sondae wil bywoon,

Kontak Diakonie Skriba, Herman Bonnet 071 871 2288, vir die nodige reëlings daaromtrent.

**Diensgroep – "Jeug van Gister"**
Saterdag 15 Oktober het 60 senior lidmate van Waterkloofrand `n gesellige laatoggend ontbyt onder leiding van Suster Rina Steenkamp, in die kerksaal geniet. Dankie aan Suster Nienke en die betrokke susters vir jul hulp met die spyseniering en diakens Hanno en Herman, vir die opruim en wegpak van die tafels en stoele na afloop van die kuier-oggend.

Hierdie aktiewe groep senior lidmate, die "Jeug van Gister", kan uitsien na nog baie meer kuiers en geselllighede beplan vir 2023. Die begroting vir die finansiële ondersteuning vir funksies is goedgekeur en buiten die Bybelstudiebyeenkoms elke Donderdag en Kuieroggende elke 1e Dinsdag van die maand, is daar groot verrassings beplan vir Saterdae 20 Mei en 21 Oktober 2023. Alle senior lidmate, teken solank hierdie datums aan. Daar word ook interessante uitstappies en `n webreeknaweek vir ons senior lidmate, in 2023 beplan.

Navrae en belangstelling om deel te word van die "Jeug van Gister-groep"-
Hanno Steenkamp 084 043 7466, Suster Rina Steenkamp 084 734 4181, Sameroeper.

**Samevatting van die stand van die diakonie finansies**
Met die seën van die Here kan die diakonie hul maandelikse verpligtinge met wysheid aanwend waar hulp en onderstand benodig word. September se kollektes was besonder hoog en kon die diakonie `n bedrag van R4 000 aan Rooiwal- en Elandspoortgemeentes elk, oorbetaal.

Die getal onderstand gevalle in die gemeente bly onveranderd en die diakonie kan die verpligtinge teenoor dié lidmate, nakom.

Die maande, Desember, Januarie en Februarie, hou uitdagings in vir die diakonalekas weens die laer kerkbywonings-getalle en lidmate se addisionele uitgawes vir die nuwe skooljaar.

Lidmate wat bewus is van `n gemeentelid wat finansiële hulp benodig, word versoek om u Wyksdiaken te kontak of onder die aandag te bring van die Diakonie Voorsitter, Hanno Steenkamp, 084 043 7466.

**Waterkloofrand- Jeugsake**
Die na-skool jeug gaan `n suksesvolle jaar van bediening, saamkuier en groei afsluit met `n byeenkoms beplan op Saterdag, 3 Desember.

Navrae vir betrokkenheid en inskakeling – Br Janru Reinders 071 100 0574

**Gemeentetelling tydens Sondagdienste**
Daar is groot dankbaarheid teenoor die Here vir die toename en groei in getalle van nuwe lidmate in Waterkloofrand Gemeente, asook Sy seën oor die suiwer bediening van die Woord deur ons herder en leraar, Ds Gerben.

Die diakens het`n "tellertjie" in hand tydens die opname van kollektes vir beide dienste, om onderskeidelik die beleidende- en dooplidmate te tel. Dié getalle word deur die diakens aangeteken en deur die Kerkraad verwerk vir verskeie doeleindes en beplanning.

**Die Waterkloofrand-braaikommisie (diakonie)**
Die diakonie reken daar is beslis ruimte vir nog `n kommissie in Waterkloofrand gemeente - `n Braaikommissie!

Die geselligheid van die saamkuier om `n braaier met kole wat gloei, die drank wat goed saamgaan met die spyse (soos in die Bybel), die geur van gebraaide (en nie verkoolde) vleis, kerksake gesels en samesyn van die gemeente – dié beplanning en gebeure, vereis `n kommissie.

Die "kommissie"onder leiding van die diakonie, sal toesien dat daar weer van tyd tot tyd op `n Sondag na afloop van die erediens, braaivleis en bykosse bedien word as deel van die gesellige saamkuier en so die gemeenskap van die gelowiges uit te leef. Die kommissie sal toesien dat die tyd- en voorbereiding van die vure en kole betyds en ordelik sal geskied, sonder ontwrigting van die erediens.

Braaimeester en sameroeper – Br Riaan Reinecke 079 903 3930.

**Gemeente-ete na Sondagnagmaalbediening**
Die gebruiklike ete na die bediening van die Heilige Sakrament, word Sondag, 13 November onderleiding van Suster Daleen Hoogenboesem en met die hulp van die wyksusters en ondersteuning van die diakonie, gehou om die gemeenskap van die gelowiges te bevorder en is altyd `n byeenkoms waar ons jonger lidmate en hul kroos, ouer lidmate, maar veral vir ons senior lidmate met`n geleentheid om ons nuwe intrekkers te laat inskakel en welkom te laat voel. in `n gesellige informele saamkuier.

Die ete is ***gratis*** en lidmate moet slegs eie eetgerei en drinkgoed in die mandjie pak.

Daar sal `n vrywillige kollekte, ten bate van die Koningkinders-Kamp* van die Gereformeerde Kerk Daspoort, wees. `n ROOIBOKS* sal op die verhoog in die kerksaal geplaas word.

**Die Koningskinders-Kamp***
Die diakonie het `n uitnodiging van die Gereformeerde Kerk Daspoort ontvang vir die ondersteuning van die Koningskinders-Projek van die Daspoort gemeente.

Die Daspoort gemeente is reeds 11 jaar aktief betrokke met geestelike bedieningswerk onder die laerskoolkinders in die omgewing van Daspoort en Hercules.

As deel van die geestelike uitreikingsprogram, beplan die gemeente om 22 kinders tussen 1 – 10 Desember, na `n Kampterrein te neem vir geestelike toerusting vir die nuwe skooljaar.

Daar is begroot vir R1 500 per kind en fondse word nog benodig om die kamp en baie nodige bedieningwerk onder die Koningskinders, `n moontlikheid te maak.

Kontak Marianna du Plessis, 063 076 9135 vir meer besonderhede oor die kamp en bedieningswerk of maak `n donasie in die ROOIBOKS* tydens die Nagmaalete.

**Die Glaskas**
So met die uitstap op Sondae met die oggend en aanddienste, gooi gerus al die blink en dowwe muntstukke wat die beursie onnodig laat bult, in die "glaskas", geplaas in die ingangsportaal van die kerkgebou se hoofingangsdeur. Die glaskas, `n inisiatief van die diakonie, word gereëld leegemaak en dié geld word goed aangewend bv. vir sakgeld vir die kinders van die President Kruger Kinderhuis.

**President Kruger Kinderhuis Projekfonds**
Daar word nog R142 000 benodig om die 1ste fase van die President Kruger Kinderhuis se Akwaponiese Projek te begin om sodoende selfvoorsienend te wees in die produksie van hul eie varsprodukte en vis, asook werkskepping vir skoolverlaters en sakegeleenthede vir addisionele fondse vir onbeplande uitgawes.

Inbetaling kan direk in die rekening van die Kinderhuis gemaak word met verwysing:
**Akwaprojek** - President Kruger Kinderhuis | ABSA Bank | Rekening nommer 090 340 808| Artikel 18A belastingsertifikate word aan donateurs uitgereik om `n belastingkorting voordeel te ontvang.

Projekbestuurder: Suster Marianna du Plessis 063 076 9135

**Ons is oorwinnaars**
Leef vandag soos die oorwinnaar, wat jy is in Jesus Christus ons God en Koning. Loof Hom, prys Hom want Sy genade is groot.



Diakonale groete

Saamgestel deur Marianna du Plessis/November 20222